


**Junie 2024**

**TLU SA RIGLYN VIR OMGEWINGSBEWARING**

## UITDAGINGS IN OMGEWINGSBEWARING AANGELEENTHEDE

- Volhoubaarheid van die landbou sektor gegewe die invloed op aktiwiteite deur:
  - Regering gedrewe wetgewing
  - Raad vir Geowetenskap se invloed op privaat eiendom
  - Vloede, droogtes, storms en ander natuurgedrewe gebeure
  - Arbeidskostes
- Waterbron bestuur
- Swak infrastruktuur wat bewaring van natuurlike hulpbronne negatief beinvloed
- Grondhervorming waar optimale landbougrond blootgestel word aan vernieling agv Verenigings vir Gemeenskaplike Eiendom (CPA's) se onderprestasie.
- Invloed deur nie-landbou verwante ontwikkeling op plase (insluitende mynbou):
  - Waterbronne
  - Stofbeheer
  - Lugkwaliteit
  - Afvalmateriaal
  - Landbou aktiwiteite
  - Sosiale invloed
  - Oppervlakte gebruik
  - Toerisme
  - Visuele invloed
- Afdwinging van tariewe deur die regering vir dienste wat nie ontvang word nie.
- Omgewingsgoedkeuring van aktiwiteite op privaat eiendom buite die beheer van die grondeienaar.

A. <u>Ondersteuning:</u>

- Wetgewing vir die beskerming van landbougrond

| TOEPASLIKE WETGEWINGS | | |
|---|---|---|
| OMGEWINGSBEWARING | | |
| Jaarliks : Raw Water Tariff Customer Consultation for Infrastructure | | |
| Water and sanitation services policy on privately owned land | Government Gazette 50133 | 16 Februarie 2024 |

OMGEWINGSSAKE

| | | |
|---|---|---|
| General Authorisation impeding or diverting the flow of water in a watercourse / altering the bed, banks, course of characteristics of a watercourse | Government Gazette 49833 | 08 Desember 2023 |
| National Water Amendment Bill 2023 | Government Gazette 49733 | 17 November 2023 |
| Revision of General Authorizations for Water uses | Government Gazette 48187 | 10 Maart 2023 |
| Notice to update water use information in terms of the National Water Act, 1998 (Act no 36 of 1998) | Government Gazette 48187 | 10 Maart 2023 |
| Procedural Requirements for Water Use Licence Applications and Amendments | Government Gazette 48630 | 19 Mei 2023 |
| Geoscience Act Regulations | Government Gazette 46126 | 30 Maart 2022 |
| National Water Resource Infrastructure Agency Bill | Government Gazette 46917 | 16 September 2022 |
| Climate Change Bill | Government Gazette 45299 | 11 Oktober 2021 |
| The capability, potential, state and use of the natural agricultural resources of South Africa | Government Gazette 45649 | 17 Desember 2021 |
| Instruction to install water measuring devices for water taken for irrigation purposes | Government Gazette 437236 | 18 September 2020 |
| Preservation and Development of Agricultural land bill | Government Gazette 43723 | 18 September 2020 |
| Conservation of Agricultural Resources act no 43 Farm Planning Regulation | Government Gazette 44029 | 24 Desember 2020 |
| Regulation of Agricultural Land Holdings bill | Government Gazette 40697 | 17 Maart 2017 |
| Controlled Activity – exploration / hydraulic fracturing / underground gasification | Government Gazette 39299 | 16 Oktober 2015 |
| Regulations on Afforestation Genus Exchanges | Government Gazette 39324 | 23 Oktober 2015 |
| National Water Act no 27 van 2014 and amendments | Government Gazette 19182 | 01 September 2014 |
| National Environmental Management: Biodiversity act | Act no 10 van 2004 | 2004 |
| Regulations requiring a water use to be registered | Government Gazette 20606 | 12 November 1999 |
| Conservation and Sustainable use of South Africa's Biodiversity | White Paper | Desember 1996 |
| Conservation of Agricultural Resources Act no 43 en regulasies | Government Gazette 9238 | 25 Mei 1984 |
| Physical Planning and Utilization of Resources (spreek onderverdeling van landbou eiendom aan) | Wet no 88 | 07 Julie 1967 |
| VERENIGING VIR GEMEENSKAPLIKE EIENDOM (GROND RESTITUSIE) | | |
| Communal Property Associations Act van 2017 | | 2017 |
| Wet op verenigings vir Gemeenskaplike eiendom | Government Gazette 17205 | 22 Mei 1996 |
| MYNBOU | | |

OMGEWINGSSAKE

| | | |
|---|---|---|
| National Dust Control Amendment Regulations | Government Gazette 50272 | 08 Maart 2024 |
| Environmental management Framework | Government Gazette 50046 | 30 Januarie 2024 |
| Waste Act | Government notice no 91 | 01 Februarie 2002 |
| Mining Charter | Government Gazette 41714 | 15 Junie 2018 |
| Guideline on Requirements for Environmental Impact Assessment for Mining Activities | Government Gazette 41432 | 09 Februarie 2018 |
| Competend Authority for the Consideration and Processing of Environmental Authorisations and amendments thereto for Activities Related to the Integrated Resource plan 2010 – 2030 | Government Gazette 40110 | 01 Julie 2016 |
| Regulations pertaining to the Financial provisioin for Prospecting, Exploration, Mining or Production Operations | Government Gazette 39245 | 20 November 2015 |
| National Environmental Management Act no 107 of 1998 – Environmental Impact Assessment Regulations 2014 | Government Gazette 38282 | 04 Desember 2014 |
| Air Quality Act no 39 | | 2004 |

## BEWARING VAN BIODIVERSITEIT

**Standpunt -** Die grootste bedreiging van privaat eienaarskap is die deurlopende beklemtoning van die minderbevoorregte se benadeling en weerhouding van stemgeregtigdes in die bewaring en volhoubare gebruik van natuurlike hulpbronne. Die grootste dryfveer is die billike en regverdige verdeling van voordele wat voortspruit uit die benutting van biodiversiteit en sy komponente. Transformasie van ons land se natuurlike hulpbronne en biodiversiteit word aktief deur die regering gedryf. Dit impakteer op privaat besitreg dmv die wetgewing wat die regte van die grondeienaar verminder / ontneem.

**Riglyn**

- TLU SA en sy lede onderskryf ten volle privaat eienaarskap en die standpunt word ondersteun in onderhandelinge en gesprekke met die regering om die konsep te vestig.
- Die beskerming van natuurlike hulpbronne is elke lid se hoogste prioriteit ten einde die natuur te behou vir ons nageslag.
- Die volhoubare gebruik van landbougrond vir landbou doeleindes sal deurgaans as prioriteit beskou word.

## OMGEWINGSBEWARING

- Volhoubaarheid van die landbousektor gegewe die invloed op aktiwiteite deur:

    - Regering gedrewe wetgewing

**Standpunt** – Landbougrond is 'n land se grootste bate waar mense en dier in harmonie saam woon. Die boer se rol in die omgewing is om die hulpbronne volhoubaar optimaal te benut vir verbouiing van voedsel om voedselsekerheid te handhaaf. Dit is ook die boer se verantwoordelikheid om die natuur te beskerm teen vernieling, want dit die grootste skat wat ons vir ons nageslagte kan bewaar. Die regering is volgens wet die voog met die mandaat om ons natuurlike hulpbronne te bestuur en te

OMGEWINGS SAKE

beheer. Die onvermoë om hierdie mandaat uit te voer word deurgaans waargeneem. Die tendens van die regering is om hierdie taak af te wentel na die grondeienaar en privaat instansies met geensins enige finansiële bystand nie. Dit is dus belangrik dat elke lid deurlopend kennis neem van heersende wetgewing ten einde homself te beskerm teen die invloed wat die toepassing daarvan op die volhoubaarheid van 'n boerdery kan hê.
Swart ekonomiese bemagtiging word toegepas met die doel om slegs 'n spesifieke ras te bevoordeel tot nadeel van alle ander deelnemers aan die ekonomie. Skade word aangerig aan beleggersvertroue en die winsgewindheid van landbou word ondermyn deurdat SEB aandeelhouding nie gegrond word op beleggingsverhouding of winsdeling as basis nie.
Die regering dryf deurlopend aksies om beheer te verkry oor privaat eiendom. Hierdie inmenging kan elke boer se beheer en bestuur van sy eiendom en besigheid in so 'n mate benadeel dat die optimale benutting van landbougrond 'n uitdaging word.

**Riglyn**

- Die boer moet sy plaas evalueer ten opsigte van die verskillende aktiwiteite wat deur wetgewing aangespreek word en wat deur toepassing daarvan, sy aktiwiteite kan beinvloed.
- Elke grondeienaar is die entrepreneur van sy eiendom en ook die bewaarder van natuurlike hulpbronne. Deurlopende bewaringsaksies is noodsaaklik om verwaarlosing en natuurlike agteruitgang van grond en infrastruktuur te voorkom.
- TLU SA en sy lede moet voortdurend kennis neem van wysigings in toepaslike wetgewing. Met nuwe promulgerings moet daar voortydig beswaar aangeteken word teen die implimentering van sogenaamde afdwinging wat 'n negatiewe invloed op die landbou sektor kan hê.
- Waar nuwe ontwikkeling oorweeg word, moet elke boer deeglik bewus wees van die toepaslike wetgewing ten einde boetes te vermy. Sulke boetes kan die finansiële ondergang van 'n boerdery tot gevolg hê.
- Die implimentering van bemagtiging van nie-bydraende aandeelhouers moet sover as moontlike verhoed word ten einde winsgewindheid as basis te behou.
- TLU SA en lede moet deurlopende druk toepas sodat die landbousektor aan alle konsultasieprosesse kan deelneem ten einde ons standpunte oral te stel of te herbevestig.
- Waar die bestuur en beheer van privaat eienaarskap negatief beinvloed word deur implimentering van wetlike aspekte, moet TLU SA en sy lede deurlopend poog om die implimentering aan te spreek en bestuur en beheer van privaat eienaarskap moet ten alle tye behou word.

  - <u>Raad vir Geowetenskap se invloed op privaat eiendom</u>

**Standpunt** – Die wetgewing maak voorsiening vir die Raad van Geowetenskappe om toegang tot privaat eiendom te verkry. Dit hou die moontlikheid in om plaas aktiwiteite te ontwrig. Die doel is verkenning vir die ontginning van grondstowwe sonder dat privaat grondeienaars inspraak daarop mag hê. Hierdie raad is aangestel deur die Minister van Minerale Sake om 'n diens te lewer aan die staat. Die doel van die raad is om navorsing te doen in terme van minerale bronne en kan hierdie inligting aan individue verkoop word vir verdere ontwikkeling daarvan op privaat eiendom.

**Riglyn** –

OMGEWINGS SAKE

- Grondeienaars moet aktief deelneem aan enige aktiwiteite waar daar ‘n versoek is vir die insameling van inligting vir ontginning op privaat eiendom.
- Toegang is onderhewig aan die plaasbesoek protokol en die grondeienaar moet intensief deelneem aan alle prosesse van data versameling ten einde inligting te verifieer.
- Ondersteuning van die bronne vir rehabilitasie moet deur interaksie met die raad verseker word.
- Waar interaksie met die raad plaasvind, moet die geo-tegniese inligting, prospekteer inligting en alle ander geo-wetenskaplike inligting wat verband hou met die aarde, die see omgewing en geo-magnetiese ruimte van toepassing op privaat eiendom verkry word.

  - Natuurlike Invloed

**Standpunt** – Elke persoon het die reg tot ‘n omgewing wat beskerm word tot voordeel van die nageslag en dit moet deur die regering deur toepaslike wetgewing aangespreek word. Klimaatveranderlikheid in die republiek, insluitend die verhoogde frekwensie en intensiteit van uiterste weergebeurtenisse, sal onder meer menslike gesondheid, toegang tot voedsel en water, biodiversiteit, habitatte en ekosisteme, die kus- en kusinfrastruktuur en menslike nedersettings beïnvloed. Die bevolkingsaanwas plaas deurlopend druk op die landbou om aan die vereistes en behoeftes van die inwoners te voldoen.

**Riglyn**

- TLU SA onderneem om positief deel te neem aan gesprekke waar lede se belang ter sprake is ten einde te reageer op klimaatsuitdagings om die impak doeltreffend te bestuur.
- TLU SA en sy lede beywer hulself om moderne gewasse en produksie metodes te ondersoek ten einde aan die bevolkingsaanwas, verstedeliking en toestroming van buitelanders na Suid-Afrika se behoeftes te voldoen. Om hierdie doelwit te bereik, sal daar verder ook ondersoek gedoen word vir geleenthede in uitvoermarkte.
- Uitvoermarkte wat beskikbaar raak, moet deurgaans ondersoek word vir geleenthede vir lede.
- TLU SA onderneem om as organisasie verteenwoordigend van sy lede, met ander organisasies sal saamwerk om bewaringslandbou as konsep by lede te vestig en bevorder.

  - Arbeidskoste

**Standpunt** – In ‘n beleidsomgewing waar die werknemer se behoefte bo oorlewing van die landbou sektor geplaas word, bly stygende verpligte arbeidvergoeding ‘n uitdaging.

**Riglyn**

- Arbeidsbesparende tegnologie, plant en oes metodes moet deurgaans die doelwit wees ten einde arbeidskoste realisties te hou in verhouding tot inkomste.
- Elke lid moet homself beywer vir die bevoegdheids ontwikkeling van werknemers ten einde arbeidskoste teenoor arbeid integriteit op te weeg.

**WATERBRON BESTUUR**

OMGEWINGSAKE

**Standpunt** – Alle waterbronne is volgens die Nasionale Waterwet 36 van 1998 onder voogdyskap van die staat geplaas en dit is die staat se verantwoordelikheid om genoegsame kwaliteit en kwantiteit water beskikbaar te stel vir mens, dier, plant en industrie teen billike tariewe sonder diskriminasie.

**Riglyn**

- TLU SA en sy lede moet hulself posisioneer as vennoot in die bewaring van waterbronne en aktief deelneem aan openbare gesprekke van enige komitee / werkgroep wat daargestel word deur hetsy privaat instellings of die Departement Watersake en Sanitasie.
- TLU SA se lede beywer hulself om saam te werk aan water aangeleenthede tot voordeel van die landbouer en behou die reg voor om aan enige vergadering, werkgroep of liggaam te onttrek indien die belange van die boerdery gemeenskap deur sodanige deelname benadeel sou word.
- TLU SA beywer hom tot deurlopende ondersoek van moderne besproeiingsmetodes om sodoende die waterbronne beter te bestuur en te beskerm.
- TLU SA en sy lede steun die ontwikkeling van nuwe plant variëteite om waterbehoefte tot minimum te beperk met optimale opbrengs.
- TLU SA se lede beywer hulself om waterbron besoedelaars aan te spreek deur die wetlike prosedures te volg wat die aksies van sodanige oortreders sal aanspreek.

## SWAK INFRASTRUKTUUR WAT BEWARING VAN NATUURLIKE HULPBRONNE BENADEEL

**Standpunt** – die regering se infrastruktuur is vervalle en opgradering word weens talle tekortkominge nie gedoen nie. Die gevolg is dat water verlore gaan in die sisteem en nie die eindgebruiker bereik nie. Waar die geleentheid bestaan vir die verhaling van dienste, gaan kosbare bronne verlore waarvoor daar nie enige fondse gehef kan word nie. Hierdie verlies aan inkomste het gevolglik 'n negatiewe uitwerking op die heffings wat die landbouer moet betaal om te vergoed vir die onredelike en onbillike vereistes wat gestel word vir befondsing van die fiskus.

**Riglyn**

- TLU SA en sy lede moet deurlopend die kwessies van onderhoud van infrastruktuur aanspreek vir aansporing om aan minimum vereistes te voldoen ten einde 'n aanvaarbare norm te vestig.
- TLU SA en sy lede moet waak teen die uitbuiting van die landbousektor om die finansiële tekorte te befonds.

## GRONDHERVORMING WAT OPTIMALE LANDBOU EIENDOM BLOOTSTEL AAN VERENIGINGS VIR GEMEENSKAPLIKE EIENDOM SE ONDERPRESTASIE

**Standpunt** – 'n Tendens is gevestig waar eiendomme wat deur die Grondhervormingsproses aan benadeelde groepe toegeken word in 'n Vereniging vir Gemeenskaplike Eiendomme geregistreer word. Hierdie toekenning neem landbougrond uit produksie omdat die gemeenskaplike eienaars geen verantwoordelikheid of insentief het om op kommersiële peil te presteer nie. Die grootste behoefte is behuising. Daar is geen kolateraal nie en geen teenprestasie vir die skenking van grond en kapitaal word vereis nie. Die gevolg is dat die natuurlike hulpbronne geplunder word en verlore raak vir produksie. Die bedreiging wat hierdie tipe ontwikkeling in 'n landbou omgewing meebring is

OMGEWINGSAKE

onrus tussen die inwoners wat kan versprei na plaaswerkers, sosiale uitdagings, gesondheidsrisiko's en dorpstigting sonder infrastruktuur wat later 'n uitdagings vir eiendom gebruik bestuur kan wees. Die grootste kommer is die invloed wat hierdie tendens op aangrensende landbou eiendom kan hê en oorspoel na werkers asook inwoners van landbou eiendom.

**Riglyn**

- TLU SA en sy lede moet deurlopend gedurende grondeis onderhandelinge gesprek voer met die regering ten einde die nodige prosesse daar te stel sodat die waarde van landbou grond behou word.
- Doeltreffende monitering en bestuur moet die basis wees vir die volhoubare landbou aktiwiteite op grond wat deur grondhervormingsprosesse toegeken word.

## TOEPASSING VAN TARIEWE DEUR DIE REGERING VIR DIENSTE WAT NIE ONTVANG WORD NIE

**Standpunt** – Die regering is voortdurend besig om prosesse te implimenteer ten einde befondsing vir staatsdepartemente te verseker. Met hierdie prosesse word grondeienaars onderwerp aan die betaling van tariewe wat in baie gevalle geensins 'n diens of bestuur / beheer van bronne weerspieel nie. Daar moet gewaak word dat die boer nie uitgebuit word tot nadeel van die volhoubaarheid van die landbou sektor nie.

**Riglyn**

- TLU SA en sy lede moet deurlopend kennis neem van tarief konsultasies met die regering ten einde die bekostigbaarheid daarvan te koppel aan die waarde van dienste wat gelewer word. Waar moontlik moet oplossings gevind word om die uitdagings van befondsing vir nie-werkende prosesse en dienste op te los deur die tekortkominge aan te spreek.
- Die landbou sektor moet aandring op slegs betaling vir dienste gelewer / ontvang en nie 'n oorhoofse toepassing vir betaling teenoor slegs beskikbaarheid van dienste/bronne wat nie toepaslik of werklik ontvang is nie.
- Die beginsel van "betaling vir dienste gelewer" moet te alle tye geld.

## OMGEWINGSGOEDKEURING VIR AKTIWITEITE OP PRIVAAT EIENDOM INGESLUIT MYNBOU AKTIWITEITE

**Standpunt –** TLU SA erken die wye voorkoms van minerale en metale in Suid-Afrika. Dit is 'n gegewe dat gunstige beleggingsmoontlikhede geskep moet word vir die verwerking van produkte ten einde werkskepping te ondersteun, opleiding en vaardigheids ontwikkelingsgeleenthede daar te stel en buitelandse valuta in te bring. Die goedkeuring van mynbou op landbou eiendom het 'n negatiewe invloed op gesonde landbou aktiwiteite. Besoedeling van natuurlike hulpbronne vind plaas waar rehabilitasie nie moontlik of haalbaar is nie. Mynbou aktiwiteite het 'n invloed op die omgewing en rehabilitasie na die afloop van enige mynbou proses is 'n noodsaaklikheid. Dit is juis hierdie finale proses wat in mynbou aktiwiteite die meeste verwaarloos en geïgnoreer word.
Aangesien die vereistes vir mynbou aktiwiteite uitdagend is, word daar daagliks waargeneem hoe onwettige aksies sonder die nodige oorwegings, konsultasie en goedkeuring toegepas word.
Mynbou aktiwiteite se impak op die land se hulpbronne kan 'n negatiewe effek hê indien die impak nie deur bevoegde persone bepaal en geëvalueer word nie. Een van die grootste tekortkominge in 'n

OMGEWINGSSAKE

ekonomie wat deur omstandighede deurlopend verander, is die voorsiening van voldoende befondsing ten einde mynbou aktiwiteite te ondersteun.  Die grootste skade wat enige ontwikkeling kan aanrig is waar die gebrek aan behoorlike finansiering mynbou ontwikkeling se effektiwiteit benadeel.

**Riglyn**

- TLU SA beywer homself om die kennisgewing van moontlike ontwikkeling deurgaans onder grondeienaars se aandag te bring vir registrasie en suksesvolle deelname aan die proses sodat natuurlike hulpbronne beskerm word en versagtende meganismes geïmplimenteer kan word.
- TLU SA se lede moet hulself beywer om op hoogte te wees van toepaslike wetgewing ten einde ontwikkeling aan te spreek en die nodige deelname aan prosesse moet ondersteun word sodat die impak op privaat eiendom en natuurlike hulpbronne behoorlik aangespreek kan word.
- Mynbou ontwikkeling se impak moet deurlopend aangespreek word deur bevoegde persone wat in terme van wetgewing die nodige aksies kan neem in omgewingsaansoeke ten einde die invloed te kan waarneem, evalueer en die nodige aanbevelings suksesvol te kan voorlê aan die minister.
- TLU SA beywer hom om druk toe te pas op mynbou ontwikkeling ten einde voldoende voorsorg te tref vir die doeltreffende rehabilitasie na die ekonomiese leeftyd van mynbou ontginning verstryk het.
- TLU SA beveg onwettige mynbou aktiwiteite wat die landbouer se voortbestaan bedreig en die potensiaal toon van besoedeling van natuurlike hulpbronne.
- Lede wat deur mynbou ontwikkeling geraak word moet betrokke wees by die effektiewe toepassing om te voorsien dat daar voldoende finansiële voorsorg getref word vir die ontwikkeling, afsluiting en rehabilitasie sodat die natuur nie beskadig agtergelaat word vir nageslagte nie.
- Mynbouontwikkeling tot voordeel van die gemeenskap moet te alle tye onderskryf word sodat die impak aangespreek kan word deur positiewe ontwikkeling.

## BESKERMING VAN LANDBOU GROND

**Standpunt** – Daar is verskeie wette wat voorsiening maak vir die beskerming van landbougrond. Hierdie wetgewing is die boer goedgesind en kan dien as positiewe onderbou vir talle landbou gedrewe inisiatiewe.

**Riglyn**

- TLU SA ondersteun alle vorme van wetgewing wat landbou eiendom beskerm.
- TLU SA moedig sy lede aan om die nodige wetgewing ter beskerming van landbou eiendom toe te pas waar daar bedreiging mag wees.

**Werksaamhede van komitee soos op Januarie 2024**

OMGEWINGSSAKE

- Om die bestaande dispuut met die Departement Watersake en Sanitasie uit te klaar deur debatvoering. Litigasie sal as laaste uitweg oorweeg word.
- Die oprigting van waterverbruikersverenigings by lede strukture en lidmaatskap van lede by sodanige verenigings aan te moedig.
- Die installering van watermeters, kalibrering en lesings neem is 'n uitdaging vir die landbou sektor. Die komitee beoog om te volhard in gesprek met die Departement Watersake en Sanitasie in hierdie verband.
- Voortdurende onderhandelinge met Departement Watersake en Sanitasie oor toepaslike bekostigbare watertariewe en jaarlikse verhogings te beperk.
- Moontlikheid van navorsing en werkswinkels deur organisasies en/of akademiese instansies oor bewaringslandbou word gemonitor en lede word aangemoedig om aan geleenthede deel te neem vir kennis uitbreiding.

**Die komitee se fokusareas:**

- Ledebetrokkenheid by omgewingbewarings aksies,
- Die invloed van faktore op die volhoubaarheid van die landbouer deur deurlopende monitering en hantering
- Die ondersteuning van TLU SA aksies.
- Die identifisering van kundiges wat 'n bydrae kan maak tot die werksaamhede van die komitee.

OMGEWINGS SAKE